# Inventory of the private collection of

# JN le Roux

# PV63


Contact us

**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Telephone:**
+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**
arca@ufs.ac.za

INVENTARIS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN SENATOR J.N. LE ROUX

INLEIDING

1. TOEGANKLIKHEID

Kragtens die skenkingsvoorwaardes kan insae alleen verkry word met verlof van die Direkteur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis òf mev. P.J. Ferreira òf haar gevolmagtigde.

2. CURRICULUM VITAE

Johannes Nicolaas le Roux is op 14 April 1890 op Ladybrand gebore en op 18 Desember 1918 tree hy in die huwelik met Maria Charlotte Swanepoel. [1]

Sy belangstellings was hoofsaaklik politiek en boerdery. So is bv. op sy voorstel in 1914 'n Nasionale Party-tak te Ladybrand gestig. [2] In 1936 word hy tot Lid van die Provinsiale Raad verkies - 'n amp wat hy tot 1942 beklee, toe hy deur die kiesafdeling Ladybrand tot lid van die Volksraad verkies word. Hy verteenwoordig die kiesafdeling tot 1948 toe hy onvoorwaardelik vir N.C. Havenga terugstaan. Op 29 Julie 1948 word hy tot senator benoem en bly hy tot sy dood op 24 Desember 1960 in die amp. [3]

Ook op die gebied van die landbou het senator J.N. le Roux sy deel bygedra, want hy was o.m. vir die jare 1951 tot 1952 en 1955 tot 1958 president van die Vrystaatse Landbou Unie. [4]

3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1. HERKOMS

Die dokumente is deur mev. P.J. Ferreira, 'n dogter van senator Le Roux aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis oorhandig.

3.2. ORDENING

Die versameling bestaan uit fotostatiese afdrukke van enkele briewe en koerantknipsels, asook 'n plakboek. Dit handel hoofsaaklik oor die lewe van senator J.N. le Roux.

---

1. Die Volksblad, 27 Desember 1960.
2. Ibid.
3. Parlementêreregister, p. 55 en p. 99.
4. P.V. 49, lêer 1, p. 49.

**Aangesien by die bewaring van hierdie stukke geen stelsel gevolg was nie, is die stukke in die reekse, korrespondensie, koerantknipsels en plakboek ingedeel. Binne elke reeks is die stukke chronologies gerangskik en die ongedateerde stukke is aan die einde van elke reeks geplaas.**

4. OMVANG EN FISIESE TOESTAND

**Hierdie versameling is in 'n goeie toestand van bewaring en beslaan 0,03 meter rakruimte.**

# INVENTARIS

| Lêer No. | | Beskrywing | Tydperk |
|---|---|---|---|
| | A. | KORRESPONDENSIE | |
| 1 | | Algemeen | 28 Mei 1948 |
| | B. | KOERANTKNIPSELS | |
| 1 | | Algemeen | 26 Jun. 1943 - 29 Mei 1961 |
| | C. | PLAKBOEK | |
| 2 | | Die aandeel wat sen. J. N. le Roux in die eenwording van die Nasionale Party en die Afrikaner Party in 1948 gehad het. | 1948 - 1960 [1] |

1. Die stukke is nie in chronologiese volgorde geplak nie.

11 9. [illegible]
23/9/97.